# Hoofstuk van die dag: Numeri 16

> *Bowendien het jy ons nie gebring na ’n land toe wat oorloop van melk en heuning nie, en ook nie vir ons lande en wingerde gegee nie. Wil jy hierdie mense aanhou mislei? Ons sal nie kom nie! (vers 14)*

Die boek Numeri is soos ’n spieël wat voor ons opgehou word, sodat ons onsself daarin kan herken (1 Kor 10:6,11). Want die Israeliete se sonde is helaas dikwels steeds onder ons teenwoordig.
Een van die sake wat Numeri uitwys, is hoe kort ons geheue is, en hoe maklik dit is om ons eie aandeel in ons ellende te vergeet. Die Israeliete het geweier om in die beloofde land Kanaän in te trek, hoewel die verkenners eenparig daaroor was dat dit ’n land is wat oorloop van melk en heuning (13:27). Hulle was self die oorsaak dat hulle in die woestyn rond moes swerf. Maar nou is dit skielik Moses se skuld dat hulle nie lande en wingerde het nie.
Dis makliker om die vinger na iemand anders te wys as om die hand in eie boesem te steek. In ons eie oë is ons dikwels die slagoffer. Dalk moet ek en jy ’n slag bestek opneem van ons lewe, en ons eie aandeel aan die kronkels erken.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026